

8 Maart

Skrifgedeelte: Sagaria 4

Fokusgedeelte: Sagaria 4:10

Om wat stukkend is, reg te maak

Daar is mense wat sê dat dit vergeefse moeite is om iets wat stukkend is, te probeer regmaak. Hulle sê 'n huwelik wat tot op 'n sekere punt agteruitgegaan het, kom nooit weer reg nie. Sommige mense het al moed opgegee met hulle eie lewe, hulle sê: "My lewe is nou maar eenmaal 'n gemors." Wat sê God hiervan?

Die Here roep Serubbabel om die verwoeste tempel in Jerusalem weer op te bou. God se volk is in ballingskap weggevoer, hulle land lê verwoes. Maar nou wil God sy volk weer oprig, en Hy begin by die herstel van die tempel. Hoe gaan Serubbabel hierdie massiewe taak aanpak en suksesvol voltooi? God wys hom die pad na herstel (Sag 4).

Die eerste belangrike ding wat hy moet weet om hierdie puinhoop tot 'n pragtige tempel te herstel, is dat hy dit nie in sy eie krag kan doen nie. Nie met krag of geweld sal jy slaag nie, maar deur die Gees van die almagtige God. Christus stuur sy Gees om sy oorwinning in ons lewe in te dra.

Die tweede belangrike ding waaraan hy moet vashou, is die sekerheid wat lê in God se belofte: "Serubbabel se hande het hierdie tempel se fundamente gelê, sy hande sal dit klaar bou." Wie in gehoorsaamheid aan God die heropbou aanpak, sal deur God gelei word om dit te voltooi. In Christus is ek reeds oorwinnaar.

Die derde anker wat moet verseker dat hy in hierdie moeisame en oorweldigende taak sal volhard, is dat elke bietjie saak maak. "Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie." Hy moet nie bly vaskyk in wat nog nie gedoen is nie, maar hy moet kan "a-ha" sê oor elke klein oorwinninkie.

Watter heropbouwerk moet jy gaan doen?

Sing: Psalm 89:6 (1936)

Dr G Breed (Randburg)

